BILTONG BULLETIN

Uitgawe 18 - Februarie 2007

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons ons adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

Ons hoop dat almal nog sover 'n mooi 2007 geniet. Ons kry natuurlik lekker warm in Pretoria, maar ek dink nog steeds dis beter as temperature onder vriespunt! Die jaar verloop net vir my te vinnig - dis asof alles veel vinniger gebeur as in 2006 ... of dalk voel dit maar net so omdat ek ouer word? Nouja, hiermee die nuus van die kortste maand van die jaar.

LEESHOEKIE

'n Pragtige boek, ***Flemish paintings of the 17th century in South African public collections***, het pas verskyn. Dit is geskryf deur Bernadette van Haute en vertel meer van die 77 Vlaamse skilderye wat tussen 1550 en 1740 geskilder is en hulle tans in Suid-Afrika bevind. Die boek kos R450-00 en is uitgegee deur Unisa Press (**www.unisa.ac.za/dept/press**).

- - - - - - - - - - -

Skrywers van die kreatiewe platform vir Afrikaans, **www.Woes.co.za**, het so pas die prettige konsep van 'n "duet-gedig" op die been gebring. 'n Duet-gedig is 'n gesprek tussen 2 skrywers – 'n kort tematiese storie of bespreking, met 'n begin en 'n einde. Dit kan enige vorm aanneem, byvoorbeeld reël vir reël geskryf of vers vir vers – die skrywers is kreatief en druk hulleself uit soos die tema afspeel. Dit word in gedigvorm geskryf en hoef nie tradisionele gedigeienskappe

soos rym te hê nie. Soms is die oop en vloeiende gedagtes die treffendste. Omdat dit gratis is om op woes.co.za te publiseer, is daar reeds meer as 800 geregistreerde skrywers op die webwerf. 'n Behoefte het ontstaan waar skrywers meer en meer saam wil begin skep en twee skrywers, Lana Lowe en Fikkels, het die duet-gedigprojek voorgestel. Lana Lowe, oftewel Elsie Mare, werk helfte van die jaar op 'n olieboor aan die Weskus van Afrika wanneer sy weg is van haar gesin op Standerton. Fikkels, alias Frikkie Truter, is van Upington waar hy vir Spoornet werk. Skrywers wat 'n duet-gedig wil skryf, e-pos mekaar deur die e-posfunksie op die Woes-webwerf en werk so oor en weer aan hulle duet-gedig. Voltooide gedigte word dan vir plasing ingestuur. Omdat die webwerf nie net oor gedigte handel nie, maar ook kategorieë soos artikels, kortverhale en happies/blogs het, sal daar na soortgelyke samewerking in hierdie kategorieë gekyk word. Woes.co.za is beter bekend vir die marathon-gedig waar al die skrywers op die webwerf genooi is om deel te neem aan die skryf van die langste gedig in Afrikaans. Hierdie gedig is einde 2006 suksesvol voltooi en beslaan 8 828 woorde. Vir meer inligting kontak Willem Gous by 0027-82-3220600 of **pers@woes.co.za** of besoek **www.Woes.co.za**

SAAK VAN DIE MAAND

Ermelo-ouers en AfriForum loods veldtog vir Afrikaans by skool en vra dat die publiek e-posse aan Onderwysminister Pandor stuur

AfriForum, die burgerregte inisiatief wat deur Solidariteit gestig is, en ouers van Hoërskool Ermelo het 'n omvattende openbare veldtog geloods om dié skool se Afrikaanse status te behou. Die skool is een van slegs twee enkelmedium Afrikaanse hoërskole in Mpumalanga. Die ander, voorheen Afrikaanse skole, is almal reeds dubbelmediumskole, of het eenvoudig verengels. Aangesien 'n groep leerlinge uit die omgewing nie in ander Engelse skole geakkommodeer kan word nie, het hulle gevra om by Hoërskool Ermelo in te skryf en dring hulle aan daarop om in Engels onderrig te word. Die skool het die saak in die hof betwis en uiteindelik het die minister van Onderwys, Naledi Pandor, staatsmag gebruik om die skool te ontneem van sy status as enkelmedium Afrikaanse skool, ten spyte daarvan dat enkelmedium-instellings volgens Artikel 29 van die Suid-Afrikaanse Grondwet toelaatbaar is.

As eerste stap in die omvattende veldtog is 'n webwerf **www.geagteminister.co.za** gestig, vanwaar die publiek direk e-posse aan minister Pandor se kantoor kan stuur om hulle ongelukkigheid met die regering se "ondermyning van Afrikaans" aan te toon. 'n Standaardbrief verskyn op die webwerf, maar ruimte word ook gelaat dat die publiek hulle eie insette by die brief kan voeg.

Tweedens het 'n massavergadering van ouers en ander belangstellendes op 27 Februarie 2007 by die skool plaasgevind. Daar is besluit om die saak verder in die hof te voer. 'n Vreedsame protesaksie is ook in die vooruitsig gestel.

AfriForum en die ouers van Hoërskool Ermelo se veldtog sal parallel tot, en ter aanvulling van dié skool se regsaksies teen die onderwysdepartement gevoer word. Die veldtog sal ook help om fondse vir die skool se hofsaak te werf. Besonderhede oor hoe die publiek fondse kan bydra, is reeds op die webwerf **www.geagteminister.co.za** geplaas.

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is die omvattende veldtog vanuit die Afrikaanse burgerlike gemeenskap genoodsaak deur die feit dat dit wil voorkom of minister Pandor en die onderwysowerhede spesifiek Afrikaanse skole teiken. Kriel het dié bewering gestaaf deur daarop te wys dat daar landswyd nie 'n enkele voorbeeld is van waar die minister ingegryp het om 'n enkelmedium Engelse sekondêre skool se taalbeleid te verander nie. "In teenstelling hiermee het die minister dit nodig geag om die staat se volle mag te gebruik om te verseker daar nou nie meer twee Afrikaanse skole in Mpumalanga oor is nie, maar slegs een," het Kriel bygevoeg. Kriel het daarop gewys dat AfriForum en ouers van Ermelo die grootste simpatie met die massas kinders in hierdie land het wat nie toegang tot goeie onderwys het nie.

“Die argument van toegang is egter bloot as handige verskoning misbruik om Hoërskool Ermelo van sy status as Afrikaanse skool te ontneem, aangesien daar genoegsame fasiliteite in die skool se omgewing beskikbaar is om leerders wat Engels as voertaal verkies, te kan akkommodeer,” het Kriel gesê. Volgens Kriel wys die feit dat slegs 17 leerders – en nie 113 leerders soos wat die onderwysdepartement beweer het nie – in Engels onderrig wil word by dié skool, daarop dat die owerhede ’n kunsmatige behoefte na Engelse onderrig geskep het om ’n anti-Afrikaanse agenda te bevorder.

Volgens Kriel bestaan daar verskeie voorbeelde wat daarop wys dat die oorskakeling na dubbelmediumstelsel die eerste stap na ’n eentalige Engelse instelling is, veral weens die demografiese realiteite van die land. “Die aandrang op enkelmedium Afrikaanse instellings kan dus geensins deur die minister gereduseer word tot ’n poging om ander taalsprekers uit skole te hou nie,” het Kriel aangevoer.

WEBWERWE

Hiermee die jongste inligting oor die Afrikaanse soekenjin, **www.soekafrikaans.co.za**. Daar is nou meer as 1 500 webwerwe gelys en 'n mens kan deur al hierdie webwerwe soek deur **www.soekafrikaans.co.za** met die nuwe Google soekenjin wat gekoppel is. Nou is dit die perfekte navorsingshulpmiddel as jy iets in Afrikaans soek.

Dan is daar ook **www.grapgat.co.za.** Lag in Afrikaans! Duisende Afrikaanse grappies opgedeel in kategorieë, asook prentgrappies en dit is boonop gesinsvriendelik!

NATUURBEWARING

Vandeesmaand 'n paar kort beriggies:

- Sowat 35% tot 50% van Suid-Afrika se vleilande is reeds uitgewis as gevolg van swak omgewingsbestuur. Verder word 82% van die land se riviere bedreig en 44% daarvan is reeds in 'n kritieke toestand.
- 'n Lektor by die Universiteit van Johannesburg het vier nuwe spesies mariene visbloedparasiete ontdek. Dit word as 'n wetenskaplike deurbraak beskou. Visse word nie so siek van die soort parasiete as wat mense van parasiete in mensbloed word nie, wat mag beteken dat visse 'n weerstand teen siektes het wat dalk na mense oorgedra kan word. Massas mense sterf jaarliks aan siektes wat deur parasiete veroorsaak word, byvoorbeeld slaapsiekte en malaria. Die lektor, dr Nico Smit, sit sy navorsing tans hieroor voort.
- 'n Verbod op "geblikte leeujag", met ander woorde die jag van mak leeus, is pas wetlik ingestel. Die aanhou, teel en jag van leeus sal voortaan streng beheer word.
- 'n Totale verbod op die gebruik van ontspanningsvoertuie op Suid-Afrikaanse strande is finaal ingestel.
- Dr. Gerhard Verdoorn, bekende Suid-Afrikaanse voëlkenner, is skerp gekant teen vuurwerke in Suid-Afrika oor die skade wat dit onder voëls aanrig. Veral voëls met ’n fyn gehoor, soos uile, word deur vuurwerke verskrik en vlieg hulle dan dikwels dood. Mense kan hulle opinie hieroor lug deur ’n SMS te stuur aan die Mazda Natuurlewefonds se voëlinligtingslyn by 0027-82-446-8946.
- 26 Witrugaasvoëls is dood en 6 gered na ’n vergiftigde karkas op ’n boer se plaas gelaat is, vermoedelik om jakkalse uit te wis. Die optrede is onwettig en die skuldiges sal vervolg word.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — FEBRUARIE 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld, Pretoria News, Business Day* en *Citizen*? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur net 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@solidariteit.co.za**.

- My persoonlike heldin van die maand is Annette Thompson, voorsitter van die SA Stigting vir Voetheelkundiges se skoenkomitee. Sy het 'n landswye studie onderneem om Suid-Afrikaanse vroue se voete te meet en bevind 80% van ons dra skoene wat nie behoorlik pas nie. Die rede is dat verouderde internasionale afmetings gebruik word om skoene te vervaardig. Daarvolgens is vroue se gemiddelde voetbreedte 78 mm, maar Suid-Afrikaanse vroue se gemiddelde voetbreedte is 88 mm. Dit is beide 'n gevolg van genetiese redes en omdat ons meer kaalvoet of met sandale loop as vroue in die Noordelike Halfrond, waar die metings gemaak is. Skoene gaan nou plaaslik volgens Thompson se bevindings gemaak word en goeie nuus is dat sy 'n soortgelyke projek vir mans begin!
- Kleiner graanoeste word vanjaar in Suid-Afrika verwag as gevolg van min reën en warm weer. Groot dele van die land, veral in die Vrystaat, beleef 'n ernstige droogte, volgens sommige die ergste in meer as 50 jaar. Dit beïnvloed veral mielie-aanplantings nadelig.
- Al meer jong Suid-Afrikaners in die VK lewe so losbandig, dat werkgewers deesdae werkers uit ander lande bo hulle verkies. Werkverskaffers in die VK sê sommige Suid-Afrikaners weet nie hoe om hulle vryheid in die VK te hanteer nie en raak dan met dwelms en drank deurmekaar. Hulle beskadig hulle blyplekke, gebruik kru taal en daag tot soms dronk by die werk op. Hierdie mense belemmer helaas die kanse van ander Suid-Afrikaners wat ernstig oor werk oorsee is.
- 'n Ongehude pa van Pretoria se kinders is tans in Australië na sy verhouding met sy vriendin op die rotse geloop het en sy die land verlaat het sonder om hom hieroor in kennis te stel. Die hooggeregshof het 'n tussentydse hofbevel uitgereik waarin die kinders van 6 en 3-jaar in sy beheer geplaas word, hangende 'n ondersoek deur die gesinsadvokaat. Na bewering het sy vriendin sy handtekening op 'n dokument vervals om aan die Australiese owerhede te bevestig dat hy toestemming vir die kinders se emigrasie gee.
- Suid-Afrika se eerste volwaardige animasierolprent word tans vervaardig. Dit gaan voorlopig die titel ***Kalahari*** hê en handel oor Crash, 'n jong jagluiperd wat sy ouers in 'n veldbrand verloor. Hy word dan deur 'n meerkatgesin grootgemaak, maar hulle kan hom nie leer om 'n goeie jagluiperd te wees nie en Roller, 'n miskruier, stel dan voor dat hy Doc, 'n olifant, se raad moet gaan vra ... Die rolprent behoort teen 2009 of 2010 voltooi te wees.
- Suiwelprodukte gaan vanjaar skynbaar veel duurder word. Gemiddeld 30 melkprodusente verlaat die bedryf per maand as gevolg van hoë insetkoste en lae melkpryse.
- Aangesien prostitusie nog nie amptelik in Suid-Afrika gewettig is nie, het die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) pas verklaar dat dit nie bestaande arbeidswetgewing op prostitusie van toepassing kan maak nie. 'n Prostituut se klag oor onbillike afdanking is dus nie aangehoor deur die KVBA nie.
- Daar is groot ontevredenheid oor die Sun City prestige duiwewedvlug. Dit vind jaarliks plaas en duiwe met eienaars vanoor die wêreld word daarvoor ingeskryf teen groot koste. Vanjaar het 180 van die 4 933 duiwe egter gevrek en 'n verdere 2 270 het tydens oefenvlugte verdwyn. Die eienaars skryf die verliese aan onbehoorlike sorg toe en die toekoms van die wedvlug kan ingrypend hierdeur geraak word.
- Die getal noodlottige ongelukke in myne het in 2005/2006 met 18% tot 202 ongelukke gedaal. Ses jaar gelede was die getal ver bo 350 per jaar. Die goudmynbedryf is die gevaarlikste mynbedryf in die land, met 104 van die 202 ongelukke wat in goudmyne voorgekom het. Die mynbedryf dra 7% regstreeks en 15% onregstreeks tot die Bruto Binnelandse Produk van die land by.
- Ou Mutual dra R26,7-miljoen by tot die opknapping van paaie in die Menlopark/Garsfontein/Faerie Glen area. Daar is tot dié stap oorgegaan weens die dalende gehalte van die infrastruktuur in hierdie area waar Ou Mutual baie eiendom besit. Kommer is egter uitgespreek oor die tipe bydraes al meer gevra word, terwyl eiendomsbesitters ook nog 'n enorme bedrag belasting betaal per jaar.
- Ricky de Agrela is 'n Suid-Afrikaner wat pas 'n epiese reis van 23 270 km op 'n 250cc Honda motorfiets deur Suid- en Noord Amerika onderneem het. Hy is 'n gebore avonturier wat twee jaar gelede in 'n mikroligte vliegtuig om die wêreld gevlieg het en reeds beplan aan sy volgende tog – 'n 4x4 rit langs die weskus van Afrika op tot by Oos-Europa. Vir meer inligting

oor hom, asook foto's, besoek **www.safreedomflight.com** of skryf aan **freedomflightbook@yahoo.com**.

- André Schwartz het 'n liedjie teen misdaad geskryf om sy misnoeë met die regering se hantering van misdaad te kenne te gee. Dit sal nie verkoop word nie, maar kan gratis van sy webwerf, **www.andreschwartzprotest.co.za**, afgelaai word. Hy sê mense is welkom om die lied, *Gentle protest*, so wyd as moontlik te versprei.
- Suid-Afrika het aansienlik minder entrepreneurs as die meeste ander ontwikkelende lande. Die jongste Globale Entrepreneurskap Monitor toon dat entrepreneurs-bedrywighede die afgelope 5 jaar met byna 50% afgeneem het. In 2006 het slegs 5,29% van alle Suid-Afrikaanse volwassenes verlede jaar 'n onderneming van onder 3,5 jaar oud besit, teenoor 9,4% in 2001. Die wêreldgemiddeld in ontwikkelende lande is 14,8%. Suid-Afrika se probleme word toegeskryf aan swak opleiding, burokratiese rompslomp en die probleem om finansiering te kry. Noodsaaklike dienste soos regshulp en finansiële dienste is ook duur en moeilik bekombaar vir nuwelinge op die besigheidsfront.
- Die derde Unisa Nasionale Klavierwedstryd vind van 23 tot 29 Junie 2007 in Pretoria plaas. Navrae kan gerig word aan 0027-12-4293344.
- 'n Tienerseun van Kaapstad is tragies oorlede toe hy op 22 Januarie 2007 in 'n wielkuil van 'n British Airways-vlug wat na die VSA onderweg was, weggekruip het. Sy ouers het sy lyk met groot moeite en teen hoë koste terug in Suid-Afrika gekry.
- Eskom het die land die afgelope weke weer gereeld letterlik in die duister gelaat weens gebrekkige onderhoud en kapasiteit. Dit het die vraag laat ontstaan wat Eskom se huidige spitstydkapasiteit is. Skynbaar is dit 36 000 MW teenoor 35 600 MW in Turkye, ongeveer dieselfde in Australië, 77 500 MW in Brittanje en 100 000 MW in Frankryk.
- Die voorgestelde naamsverandering van Potchefstroom maak steeds golwe. Vandeesmaand het duisende inwoners van Ikageng woonbuurt aan 'n protesoptog van Sanco (SA National Civics Organisation) deelgeneem om hulle misnoeë oor swak dienslewering deur die munisipaliteit en die voorgestelde naamsverandering na Tlokwe (wat sowat R4-miljoen gaan kos) uit te spreek. Sanco het in November 2006 ook 'n memorandum aan die burgemeester van Potchefstroom oorhandig, maar toe geen reaksie daarop ontvang is nie, dit opgevolg met die demonstrasie. AfriForum en Aksiegroep Potchefstroom het kragte saamgesnoer en gaan die owerhede van Potchefstroom hof toe neem oor die gebrekkige administratiewe wyse waarop die naamsveranderingsproses tot op hede hanteer is.
- Bafana Bafana, die nasionale sokkerspan, het uiteindelik begin oefen saam met hulle nuwe afrigter, Carlos Perreira. Hy kan uiteindelik met sy groot taak begin nadat hy 'n werkpermit vir Suid-Afrika gekry het. SAFA is met R20 000 beboet omdat hulle gesloer het met die aansoeke om sy permit.
- Selfmoord is die tweede grootste oorsaak van sterftes onder Suid-Afrikaners van 16 tot 24 jaar.
- 'n 1874-Burgerspond van die ZAR is onlangs vir R675 000 verkoop. Slegs 695 van dié munte is deur president Burgers vir die ZAR laat munt. Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank word 'n munt se waarde bepaal deur sy skaarsheid, die rol daarvan in die geskiedenis en die kwaliteit van die muntwerk.
- 90% van die Suid-Afrikaanse Weermag se beskikbare ammunisie is verby hulle vervaldatum en 67 000 ton is nutteloos. Tot 70% van die nuttelose bomme se metaal kan herwin word. Suid-Afrikaanse tegnologie word reeds vir soortgelyke herwinning in Kambodja gebruik. Die regering beplan egter om 'n multimiljoen rand ammunisievernietigingsaanleg te bou, wat moontlik 'n wit olifant kan word.
- Al meer Suid-Afrikaners word ernstig beseer of sterf in Quad (vierwielfiets-) ongelukke. Die publiek word gewaarsku oor die gevaar wat die gewilde fietse inhou.
- *Group Five* ('n bou- en ingenieursmaatskappy) gaan sy Suid-Afrikaanse kundiges uit die res van die wêreld na Suid-Afrika terugbring en Oosterse arbeid gebruik om hulle elders ter wêreld te vervang. *Group Five* is onder meer in Doebai betrokke by groot projekte en hanteer plaaslike bouwerk vir die Wêreldbeker sokkertoernooi van 2010. Teen 2010 word sowat 5 000 ekstra poste vir ingenieurs en tegniese kundiges verwag.

- Sepiesterre maak ook hulle stemme dik teen misdaad. 'n Opname het aangetoon hoe dikwels gewilde Suid-Afrikaanse sepies se akteurs en vervaardigingsspanne slagoffers van misdaad word:
  7de Laan 188 voorvalle wat 63 slagoffers raak;
  Backstage 171 voorvalle wat 39 slagoffers raak;
  Generations 132 voorvalle wat 21 slagoffers raak;
  Villa Rosa 54 voorvalle wat 14 slagoffers raak;
  Binnelanders 75 voorvalle wat 28 slagoffers raak.
- Die metroraad van Johannesburg oorweeg om die bedekking van swembaddens verpligtend te maak om verdrinkings te voorkom. Minstens 55 mense het in September 2006 alleen in en om dié stad verdrink.
- Die nuwe Gidsplan vir Suid-Afrika sal waarskynlik in Maart 2007 deur die ministerie van Gesondheid aangekondig word. Dit is 'n hersiene weergawe van die plan van 5 jaar gelede wat so skerp onder kritiek deurgeloop het. By die Helen Josephhospitaal in Johannesburg is byvoorbeeld gevind dat 1 uit elke 7 verpleegsters MIV het. Die groeiende aantal geïnfekteerde mense begin 'n groot rol in vaardigheidstekorte speel.
- William Kentridge, die bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar, se langverwagte produksie van Mozart se *Towerfluit* word in September 2007 in Johannesburg en Kaapstad opgevoer. Om skoolkinders en behoeftiges te befonds om dit by te woon, is die verbeeldingryke plan gemaak dat 6 van die land se voorste rooiwynlandgoedere Kentridge se stelontwerpsketse vir die produksie as etiketontwerpe op hulle wynbottels gaan gebruik teen betaling. Boekenhoutskloof, Hamilton Russell Vineyards, Meerlust, Quoin Rock, Rustenberg en Tokara gaan elk op dié wyse R50 000 tot dié projek bydra.
- In Suid-Afrika kan 'n Aston Martin sportmotor jou sowat R3,5-miljoen uit die sak jaag. Moenie dink dit is onbetaalbaar nie – 110 van die motors is in 2006 in Suid-Afrika verkoop, wat van die land Aston Martin se derde grootste mark maak! Net sowat 5 000 van die sportmotors word per jaar volgens die koper se spesifikasies vervaardig.
- Sowat 1 800 studente het vanjaar vir onderwysopleiding ingeskryf deur middel van die regering se onderwysbeursplan.
- Misdaad het verhoed dat die toerismebedryf sowat 125 000 nuwe werksgeleenthede in 2006 geskep het, het 'n peiling onder 620 toeroperateurs en diensverskaffers in Suid-Afrika bewys.
- Bessieboerdery word 'n gewilde alternatiewe boerdery in Suid-Afrika. Dit kan groot geld beteken mits die uitvoermark (veral na die VK en Doebai) tot 'n groter mate betree kan word. Bessies verg koue winters, matige somers en goed dreinerende grond. Bessieboere kom veral in die Kaap, Mpumalanga en Vrystaat voor.
- Die Open Democracy Advice Centre (ODAC) het bevind dat die regering sowat 63% van versoeke uit die burgerlike samelewing om inligting ignoreer. Dit is die reg van die publiek om hierdie inligting aan te vra en die weiering of ignorering daarvan is onaanvaarbaar, sê ODAC.
- Aborsies na joolweek neem in Pretoria met sowat 20% onder jong vroue van 18 tot 25 jaar toe, volgens 'n kliniek in Pretoria-Oos.
- Tussen 2008 en 2011 gaan Suid-Afrika se media-uitsendings ten volle van analoog na digitaal oorskakel. Mense wat 'n analoog TV-stel het, hoef egter nie 'n nuwe een te koop nie, maar kan 'n digitale dekodeerder aanskaf. Die publiek is aangeraai om te wag met aanpassings omdat die omskakeling jare gaan neem.
- Volgens 'n voorlopige navorsingstudie van Statistics SA, is meer as 53% van Suid-Afrikaners arm. Dit beteken dat hulle minder as R431 per persoon per maand verdien.
- Suid-Afrika het uiteindelik 'n koning gekry!! Hy is Derek van Breda von Bellville. Koning Derek het ontdek dat die titel "Koning van Suid-Afrika" bestaan, maar vakant is. Hy het homself die titel besorg deur 'n beëdigde verklaring te maak en te adverteer in die Staatskoerant. Hy het ook 'n ampskleed wat onder meer van aluminiumblikkies wat hy op Kerkplein opgetel het en 'n stuk materiaal wat hy uit 'n asblik herwin het, gemaak is. Hy wil nou sy geloofsbriewe met president Mbeki uitruil. Om die titel te bekom, het hom R203-30 gekos en hy staan nou amptelik as Sy Majesteit bekend.

UIT DIE ARGIEWE ...

Weet jy watter stad/dorp dit hierdie is?

Dit is sowaar Pretoria in die 1850's! Rosa, 'n toegewyde historikus, vertel: Ek het op die oudste afbeelding van Pretoria afgekom. Dit is 'n potlood en waterverf skildery van Marianne Churchill. Marianne was nooit self in Pretoria nie. Dit word algemeen aanvaar dat sy in 1857 'n kopie gemaak het van 'n skildery wat in 'n vriend, mnr. Reid se huis gehang het. Wie die kunstenaar van die oorspronklike skildery was, is nie seker nie. Heel moontlik was dit mnr. Reid self. Fredrick W. Reid was een van die setlaars wat in 1850 in Suid-Afrika op die skip Emily aangekom het. Daar bestaan vandag nog 'n hele paar van sy skilderye. Sommige skrywers spel sy van egter verkeerd as mnr. Reed. Marianne se kopie van die skildery is in besit van die museum in Durban. Dit was opgevou en per brief na haar familie in Engeland gestuur. Die voumerke kan nog op die skildery gesien word. In die Kunsmuseum in Pretoria is daar ook so 'n skildery. Dit is deur 'n familielid van Marianne Churchill aan generaal Jan Smuts geskenk en sy weduwee het dit na sy dood aan die Stadsraad van Pretoria oorhandig. Dit is nie seker of die skildery ook deur Marianne gemaak is nie. Agterop die skildery is die inskripsie "Copy of Aunt Marian's picture of Evans and Churchill's store on the site of Pretoria in 1857 and the Church and Captain Thibus' house." Op die voorkant van die skildery is in potlood geskryf "Fleetwood Store" en "Capt Thaber's House". Die gebou met die oranje dak in die middel van die skildery is die winkel van die firma Evans & Churchill. Ons weet dat die vennootskap bekend gestaan het as Evans & Churchill, maar moontlik is daar in die omgang gepraat van Fleetwood se winkel. Die wit gebou regs van die boom is die kerk wat toe pas op Kerkplein voltooi is.

Mense met 'n passie vir die geskiedenis van Pretoria wat op Rosa se maandelikse e-pos nuusbrief wil inteken, kan haar kontak by **rosa.s@absamail.co.za**.

WELSYN

Die maand geen welsynsaak nie - maar vertroetel jouself 'n keer. Aardverwarming is 'n realiteit van ons tyd. Oor die wêreld word rekord hoë temperature jaarliks aangeteken. Beskerm jouself en jou geliefdes, asook jou diere, teen hitte-uitputting deur op hierdie gevaartekens te let:

1. Oormatige sweet
2. 'n Bleek gelaatskleur
3. Spierkrampe
4. Gedurige moegheid
5. Swakheid
6. Duiseligheid
7. Knaende hoofpyn

8. Naarheid
9. Floutes.

RESEP VAN DIE MAAND

Aartappelskilslaai:

8 aartappels se skille
200g gekapte spek
100ml gekapte haselneute
2 rooi appels, ongeskil en in blokkies gesny
15ml olie
blaarslaai
60g fetakaas

Metode:

1. Skrop die aartappels onder koue, lopende water en druk droog.
2. Skil die aartappels in stroke en braai die skilstroke in verhitte olie tot goudbruin en bros.
3. Braai die spek tot bruin en bros en dreineer.
4. Voer 'n slaaibak met slaaiblare uit.
5. Meng die neute, fetakaas, appelblokkies, spek en aartappelskille liggies.
6. Plaas in slaaibak en verkoel.
7. In plaas van spek kan gaar hoenderblokkies ook gebruik word.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

- Vir inligting oor goedkoper vlugte tussen Australasië en Suid-Afrika kan ***Delia en Evert van Dijk*** steeds by **evertvandyk@worldonline.co.za** of 0027-12-3445748 gekontak word.
- ***Linda laat weet uit die VSA***: Extensive lines of gorgeous South African tabletop and giftware items are available to order at wholesale price points for businesses at **www.moloafricaimports.com**. The site also includes a retail section for smaller purchases. View these stunning handmade product lines online today at **www.moloafricaimports.com**. Sourcing for additional unique product lines also available.
- ***Andy se brief het ons sowaar uit Mongolië bereik! Hy skryf:*** Ja, ek werk in Mongolië en geniet die lewe ... ek kom elke 6 weke of so huis toe vir 'n week of twee. Die omstandighede hier is rof, maar as 'n buitelewe mens hou ek daarvan. Ek het 'n paar foto's ingesit om jou 'n idee te gee. Dis van ons kamp ... ons bly in gers ... soortvan tente ... en van die paaie en omgewing. Dis nou minus 30 se kant, en kan kouer word!! Somer is dit plus 40!! Die kamele is rustig en hulle ry ook lekker rustig. Die mense hier speel polo (soos met perde) met hulle, gebruik die melk en eet hulle ook. Kameelhaar komberse is baie gewild en duur. Hier word ook met kasjmier bokke geteel vir hulle hare. Cheers!

- ***Ruth & Paul Mills skryf van Springerbaai***: As jy 'n huis het in Springerbaai, Nautilusbaai, Boggomsbaai en omgewing, kan 2ndhomesolutions help om dit te versorg wanneer jy nie daar kan wees nie! Dit sluit selfs 'n wasgoeddiens en eiendomsdiens in. Besoek **www.2ndhomesolutions.com** vir meer inligting, of kontak Ruth en Paul Mills in Engels by telefoon 0027-72-9662343.
- ***Nog nuus is welkom, asseblief!***

Met mooiste wense uit warm Pretoria tot volgende keer!

Alana & kollegas
AfriForum
[www.komhuistoe.co.za / alana@solidariteit.co.za]